



WOORDGESPREK

- Vir Bybelstudie, omgegroepe en huisgeloof -

NG KERK RANDBURG

Week van 11 Augustus – Hebreërs 11:1-3, 8-16

Stil word en aanbidding: Deel iets van die afgelope week se ervaring as Christene in die stukkie wêreld waar jy leef. Hosea 11 het ons verlede week uitgedaag om aan te hou liefhê al maak dit ook seer ... want God sal nooit ophou om ons lief te hê nie.

Woord: Ons lees nie die Bybel nie, ons laat die Bybel ons lees. Hebreërs is al deur geleerdes as 'n preek bestempel, gerig aan mense wat geloofsmoeg begin word het. Die hoorders van hierdie preek het gesukkel om aan te hou glo, vanweë swaarkry, vervolging en moedeloosheid. Verder bly die vervulling van die Here se beloftes waarop hulle só gehoop het, steeds uitstaande. Daar is selfs diegene onder hulle wat wonder of dit hoegenaamd nog die moeite werd is om te glo. As party van die hoorders in die tronk beland oor hulle glo, hulle beledig, gespot en verdag gemaak word deur die gemeenskap waar hulle woon en hulle boonop van hulle besittings verloor, bring dit hulle geloof in die gedrang. Die Hebreër-preek wil geloofsmoë mense aanspoor en bemoedig om aan te hou glo. In hierdie preek is die fokus op Jesus, die inhoud van hulle geloof en belydenis. In die preek se fokus op Jesus probeer die prediker hulle oortuig dat geloof in hierdie Jesus tóg oor en oor die moeite werd is. Lees nou Hebreërs 11:1-3 en 8-16 goed deur.

Gesprek

1. Leef julle in die volgende situasie in: julle neem saam aan 'n staptog in die Drakensberge deel; dis steil, dis 'n moeisame tog en boonop het die laagliggende wolke skielik met onverwagte ysreën julle soos 'n kombars toegevou; dan trek die wolke weg en as julle met 'n verkyker die pieke wat julle bestyg bekyk, sien julle ander stappers wat dit al tot bó gemaak het. Beskryf die inspirasie wat in julle gewek word deur die wete dat daar mense daar voor julle is wat dit al "gemaak" het. *Dink saam na oor die uitwerking wat dit op julle het dat 'n skare geloofshelde al die moeisame tog na die hemelse stad, die nuwe Jerusalem voltooi het.*
3. God het alles wat ons kan sien geskep het deur sy woord (vers 3). Hy het gesê: "Laat daar...". Besin saam oor wat dit vir Jesus-volgelingen beteken dat God deur sy woord geskep het en by implikasie alles weer kan herskep, volledig nuut sal maak.
4. Geloof is om vanuit God se belofte woord te leef. Beoordeel hierdie stelling aan die hand van wat ons hier oor Abraham en Sara lees. Bespreek die verband tussen geloof en hoop nadat julle vers 1 gelees het.
5. Evalueer julleself as navolgers van Jesus met verwysing na die feit dat die geloofshelde hier in Hebreërs as "vreemdelinge en bywoners" (vers 13) beskryf word. Is julle as Jesus-volgelingen herkenbaar deur julle vreemde en andersoortige gedrag, lewenstyl en keuses as burgers van 'n ander (hemelse) vaderland en koninkryk?

Afsluiting: Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid? Bid saam dat dit wat die gedeelte aan ons bekendmaak in ons lewens toegepas sal word. Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het.